Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

# LUG JOU MENING

## WYSIGINGSWETSONTWERP OP OUER PERSONE (“OLDER PERSONS AMENDMENT BILL”) [W 11B–2022] (NRVP)

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor Maatskaplike Ontwikkeling nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om openbare verhore oor die Wysigingswetsontwerp op Ouer Persone (“Older Persons Amendment Bill”) [W 11B–2022] (NRVP) by te woon wat as deel van die Staande Komitee se grondwetlike verantwoordelikheid georganiseer word.

Die doel van die Wysigingswetsontwerp op Ouer Persone (“Older Persons Amendment Bill”) is om die Wet op Ouer Persone (“Older Persons Act”), 2006 (Wet 13 van 2006), te wysig ten einde nuwe woordomskrywings in te voeg, om nuwe bepalings in te voeg met betrekking tot die monitering en evaluering van alle dienste aan ouer persone en vir die verwydering van ouer persone na tydelike veilige sorg sonder ’n hofbevel, om die bestaande implementerings- en nakomingsmaatreëls te verskerp, om tekstuele wysigings vir groter duidelikheid aan te bring en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**Die openbare verhore is soos volg gereël:**

**Datum: Donderdag 3 Oktober 2024**
**Tyd: 16:00–18:00**
**Plek: Conville-gemeenskapsaal, Pienaarstraat 1, Conville, George**

**Datum: Woensdag 9 Oktober 2024**
**Tyd: 10:00–13:00**
**Plek: Veeldoelige Sentrum, White City, Trichardtweg 41, Saldanhabaai**

**Datum: Vrydag 11 Oktober 2024**
**Tyd: 16:00–18:00**
**Plek: Mandlenkosi-jeugsentrum, Ngesilaan 1, Sidesaviwa, Beaufort-Wes**

**Datum: Woensdag 16 Oktober 2024**
**Tyd: 10:00–13:00**
**Plek: Worcester-stadsaal, Hoogstraat 93, Worcester-Sentraal, Worcester**

**Datum: Donderdag 17 Oktober 2024**
**Tyd: 10:00–13:00**
**Plek: Caledon-stadsaal, Pleinstraat 22, Caledon**

**Datum: Vrydag 18 Oktober 2024**
**Tyd: 16:00–18:00**
**Plek: Raadsaal (6e verdieping), Waalstraat 7, Kaapstad**

Belangstellende persone en organisasies word aangemoedig om die openbare verhore by te woon en daaraan deel te neem en om skriftelike insette oor die Wysigingswetsontwerp op Ouer Persone (“Older Persons Amendment Bill”) [W 11B–2022] aan die Staande Komitee oor Maatskaplike Ontwikkeling vir oorweging voor te lê. Slegs insette oor die inhoud van die Wysigingswetsontwerp sal oorweeg word.

Rig asseblief alle voorleggings oor die Wysigingswetsontwerp aan me Nomonde Jamce, Prosedurebeampte, per e-pos: njamce@wcpp.gov.za. Skriftelike voorleggings moet die Staande Komitee oor Maatskaplike Ontwikkeling voor of op Woensdag 23 Oktober 2024 bereik.

Verdere inligting en ’n elektroniese weergawe van die Wysigingswetsontwerp op Ouer Persone (“Older Persons Amendment Bill”) [W 11B–2022] sal op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webtuiste (www.wcpp.gov.za) gepubliseer word. Afskrifte van die Wysigingswetsontwerp sal op versoek aan belangstellende persone gestuur word.

**Uitgereik deur me WF Kaizer-Philander (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor Maatskaplike Ontwikkeling, Wes-Kaapse Provinsiale Parlement.**

151889 ayandambanga.co.za